

---

---


*DEEL I.*

---

**AGTERGROND VAN DIE EERSTE  
AFRIKAANSE TAALBEWEGING.**

---

---



## HOOFSTUK I.

---

# DIE KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE EERSTE AFRIKAANSE-TAALBEWEGING.

Deur Prof. M. C. BOTHA.

---

'**M**ENS is soms geneig om die belangrikheid van 'n tydperk in die geskiedenis te beoordeel na die sigbare resultate wat dit opgelewer het, in plaas van in verband met wat aan dié tydperk voorafgegaan of daarop gevolg het. Dan weer is daar altyd die gevaar dat 'n mens persone en sake uit die verlede sal meet volgens die maatstaf van jou eie tyd. In albei gevalle is jou oordeel onbillik, want sonder behoorlike perspektief. Hoe objektief en filosofies iemand ook mag staan in sy beskouing van sake in die algemeen, 'n volkome indenkning en meelevende met toestande van selfs 'n vyftig jaar gelede bly maar altyd 'n moeilike saak, sodat daar onder die nakomelingskap dikwels nie minder meningsverskil met betrekking tot kwessies van die verlede bestaan as onder die tydgenote wat in daardie kwessies betrokke was nie.

Van hulle tydgenote moes die manne van die Eerste Afrikaanse-taalbeweging bittere teenstand en vyandskap verduur—die lot, trouens, van alle hervormers in die wêreldgeskiedenis. Gelukkig egter is die hervormer nie alleen toekoms-siener nie, maar ook man-van-die-daad,

wat, ondanks haat en vervolging, sy oog steeds op die eenmaal-gestelde doel gerig hou, en die stryd teen tydelike mis- en onverstand gering ag by die gedagte aan die uiteindelijke verwesenliking van 'n heerlike ideaal. Die heftige teenstand wat die eerste taalhervormers ondervind het, dien slegs as geskikte agtergrond waarteen hulle grotere genialiteit en diepere wysheid des te duideliker op die voorgrond tree.

Die geslag van Afrikaners wat net na die tweede Vryheidsoorlog op die toneel verskyn om die Tweede Afrikaanse-taalbeweging op tou te sit, het nog te na aan die Eerste Beweging gestaan om heeltemal sonder vooroordeel of vooringenomenheid 'n onpartydige oordeel oor hulle werk en betekenis uit te spreek. So seer was dit die geval dat meer as een nooit besef het dat die Tweede Beweging net maar 'n voortsetting was van die Eerste, nie 'n splinternuwe begin nie. Vandag egter blyk die juistste insig en objektiewer standpunt uit die ongevraagde offers van lof en dankbaarheid wat op 15 Augustus, 1925, aan die eerste Afrikaanse-taalmanne gebring is by geleentheid van die halwe-eeufees ter herdenking aan die oprigting van Die Genootskap van Regte Afrikaners. De mortuis nihil nisi bonum. Waar dit persone geld wat deur die dood onbereikbaar geword het vir ons lof of ons blaam, is die wierookvat natuurlik makliker te hanteer as die gésel. Maar daardie soort na-die-doodse lof is in hierdie geval onnodig. Die flote feit dat die manne van die Eerste Beweging die fondament gelê het van wat beloof om in die toekoms 'n sierlike Afrikaanse gebou te word, verhef hulle aanspraak op ons waardering en bewondering bo alle twyfel.

Om die betekenis van die Eerste Afrikaanse-taalbeweging na waarde te kan skat, is dit noodsaaklik om vir 'n oomblikkie stil te staan by die tydperk waarin die Beweging ontstaan het. Dit was na die jaar 1860, d.w. s. sowat vyf-en-sestig jaar na die eerste inbesitneming van die Kaap deur die Engelse. Nou is dit algemeen bekend dat die neëntiende eeu in die geskiedenis van S.-Afrika ewig en altyd berug sal wees om die staatkundige flaters deur die destydse Regeringe in Engeland begaan. En ongetwyfeld een van die grootste flaters was die stelselmatige en doelbewuste onderdrukking van die Hollandse taal in Suid-Afrika sinds die dae van lord Charles Somerset. Die proklamasie wat die Goewerneur in Julie

1822 uitgevaardig het, is, met die oog op die toestandestig, sewentig jaar later, belangrik genoeg om die aanhaling van die hoofinhoud daarvan hier te regverdig:

„Whereas it has been deemed expedient, with a view to the prosperity of this Settlement, that the Language of the Parent Country should be more universally diffused, and that a period should now be fixed at which the English Language shall be exclusively used in all judicial and official Acts, Proceedings and Business, within the same: The long and familiar intercourse which has happily taken place between the good inhabitants of this Colony, and the very numerous British-born subjects, who have established themselves, or have been settled here, has already greatly facilitated a measure which is likely still more closely to unite the loyal Subjects of their Common Sovereign: The system which I had previously adopted, with a view to this exigence of employing British-born Subjects, conversant in both languages, in the parochial duties of the Reformed Religion, as established in this Colony, has likewise paved the way to the amelioration now contemplated.

It has pleased His Majesty most graciously to approve that measure, and to enable me to act more extensively upon it, not only by having commanded Clergymen of the Established Church of Scotland, (whose religious tenets are precisely similar to those of the Reformed Church of this Country), who have received instruction in the Dutch Language in Holland, to be sent hither, to be placed in the vacant Churches, but by having authorised competent and respectable Instructors being employed at public expense, at every principal place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English Language to all classes of society.

These teachers having now arrived, the moment appears favourable for giving full effect to His Majesty's Commands; and I, therefore, hereby order and direct, by Virtue of the Power and Authority in me vested, that the English Language be exclusively used in all Judicial Acts and Proceedings, either in the supreme or inferior Courts of this Colony, from the 1st Day of January, of the Year of our Lord, One Thousand Eight Hundred and Twenty-seven; and that all official Acts and Documents, of the several public Offices of this Government, (the Documents and Records of the Courts of Justice, except-

ed,) be drawn up and promulgated in the English Language, from and after the 1st Day of January, One Thousand Eight Hundred and Twenty-five; and that all Documents, prepared and issued from the Office of the Chief Secretary to this Government, be prepared in the English Language, from and after the 1st Day of January next, in the Year of our Lord, One Thousand Eight Hundred and Twenty-three; from and after which periods, respectively, the English Language shall, in such judicial and official Acts and Proceedings be exclusively adopted."

Die opsetlike verengelsing van die Afrikaner blyk hieruit duidelik genoeg. Die Regering aan die Kaap het hemel en aarde beweeg om die onderwys van Engels aan te moedig en te bevorder. Hoofsaak by elke skool-inspeksie was die leerlinge se kennis van Engels. Die noodsaaklikheid van Hollands te leer is ook later ingesien, maar dan omdat dit nodig was by die vertaling uit Hollands na Engels: dus alleen 'n middel tot 'n doel. Die ideaal van 'n tweetalige onderwyser was 'n Engelsman met 'n bietjie kennis van Hollands. En aangesien Engels die enigste offisiële taal was, spreek dit wel vanself dat ouers, met die oog op hulle kinders se belange as toekomstige burgers van 'n Engelse staat, nie juis onwillig was om die Hollandse skool te verruil vir die nuwe Engelse skool nie. Inderdaad, die vernaamste oorsaak van die verdwyning van die Hollandse skole word in 'n skool-rapport van 1824 in die volgende woorde beskryf:-

„The interest which the Parents take to have their Children instructed in that Language which, in a short time, will be the prevailing one throughout the whole Colony, and in which every branch of official business will be transacted, is such as to have excited them without any compulsion to place their Children in the English Schools, where an opportunity is offered them to get their Children instructed without incurring any expense."

In die volgende jare sou die so deeglik begonne verengelsing met rasse skrede toeneem, totdat in 1873 'n uniwersiteitswet gemaak kon word waarin Engels nommer-een staan onder die belangrike studievakke, terwyl van Hollands met geen enkel woord gerep word nie. Omstreeks 1870 was die verengelsing van die Afrikaner reeds baie ver gevorder. Dit was nog voor Onse Jan op die toneel verskyn het as kampvegter vir Hollands

en sy *Is het ons ernst?* in die ore van die ganse Afrikanerdom weergalm het, en nog voor die oprigting van die Afrikanerbond en die Taalbond. En al kan ons vandag met 'n mate van trots beweer dat daardie poginge om die Afrikaner tot 'n renegaat te maak grotendeels op 'n mislukking uitgeloop het, moet ons tegelykertyd ook erken dat daar onder die Afrikaanssprekende bevolking verwoesting aangerig is waarvan die spore in die samelewing ons nog altyd in die gesig staar.

Intussen gaan daar stemme op teen al dié verengelsing. Hollanders soos Changuion, Pannevis en Mansvelt wys in alle erns op die verwaarlosing van Hollands in die Skole. In die taal van die Patriot-manne klink dit reguit en sonder onnodige deftigheid:

„Engels is alles; kyk hot of kyk haar!

Engels is alles; ek word somar naar!”

Die maker van hierdie rympie het sowat tweehonderd reëls nodig gehad om oor die Engelse invloed uitgepraat te raak. En dié invloed was geensins tot die Kaapkolonie beperk nie, want die rympie eindig tog met

„Afrikaners van die Frystaat

Wil taal en sede glad ferlaat.”

Hierdie verengelsing geskied natuurlik met die beste bedoeling: dit gaan alles onder die naam van vooruitgang! Maar „Jan wat versiis maak” dink daar anders.

oor. In *Fooruitgang* kla hy soos volg:

„Engels! Engels! Alles Engels!

Engels wat jy sien en hoor;

In ons skole, in ons kerke,

word ons moedertaal fermoor.

Ag hoe word ons folk verbaster,

daartoe werk ons leraars saam,

Hollans nog in sekere skole:

is bedrog, 'n blote naam!

Wi hom ni laat anglisere

word geskolde en gesmaad.

Tot in Frystaat en Transfaal al,

overal dieselfde kwaad.

„Dis *fooruitgang!*” roep die skreeuwers,

„dis beskawing wat nou kom!”

Di wat dit ni wil gelowe,

di is *ouderwets en dom.*

Wi daartegen durf getuige,  
is 'n Patriotsrebel,  
Word ferag, gefloek, gelaster,  
en beswadder fan di hel."

Dit is die groot verdienste van die manne van die Eerste Beweging dat hulle gepoog het om die oorweldigende stroom van Engelse invloed te stuit, en die volslae verengelsing van die Afrikaner deur middel van skool, kerk en staatsinstelling, te verhinder. Kultuur-histories was dit 'n saak van die uiterste belang. Die vraag is nou: Van watter wapens sou hulle hul in die stryd bedien?

Vir die oppervlakkige toeskouer was dit 'n uitgemaakte saak dat Engels deur middel van Nederlands beveg moes word. Waarom dan Afrikaans in die plek van Nederlands stel en op dié manier in die hande van die vyand speel? Hollandse beskawing, Hollandse traditiesies, Hollandse letterkunde en dergelike belangrike faktore was tog die middele wat voor die hand gelê het, terwyl Afrikaans eenvoudig as 'n verwording of ontbinding van Nederlands, sonder grammatika en sonder letterkunde, op sy bes as 'n brabbeltaal beskou is. Sonder Nederlands sou Engels dus des te makliker die oorhand kry. Hierop het die Patriot-manne 'n vir alle tye afdoende antwoord gegee. Dit was nie hier 'n kwessie van taal teenoor taal nie; dit was die besef van die nou verband tussen *taal* en *nasionaliteit*.

Omstreeks 1875 is daar nog nouliks sprake van 'n sterk-ontwikkelde nasionaliteitsgevoel by die Afrikaner, hoewel die begrip sowel as die naam Afrikaner reeds in die begin van die agtiende eeu ontstaan het. As gevolg van die dreigende oorheersing van Engels, egter, het die Afrikaner al meer en meer van sy nasionaliteit bewus geword. Sy spreektaal was toe ook al vir plusmienus honderd-en-vyftig jaar Afrikaans en nie Nederlands nie; want ons moet aanneem dat Afrikaans as taalvorm kort na 1700 sy beslag gekry het, al het ons geen spesifieke bewyse daarvan nie. Hoe dit ook sy, die Afrikaanse taalmanne was van mening dat Afrikaans 'n middel sou wees om nasionaliteitsgevoel by die Afrikaners aan te wakker; dat Afrikaans die enigste sement sou wees om die Afrikaners tot 'n ware eenheid te vorm. Van sy bekende 71 Stellinge wy S. J. Du Toit 19 aan „Afrikaans as Volkstaal”, en maak daarby gebruik van wat dr. Brile

op Bloemfontein in Mei 1875 in 'n voorlesing oor „De Landstaal” gesê het. Du Toit se neën-en-twintigste stelling word dan soos volg geformuleer:

„Di Taal is die Volk en di Volk is di Taal. Waar 'n *volk*, 'n *nasionaliteit* is, daar sal 'n *taal* wees. Taal en letterkunde hang onverbreklik same met nasionaliteit. Albei groei same op.”

En die sewen-en-veertigste Stelling lui:

„Di verwagting van 'n eie nasionaliteit, 'n eie beskawing, 'n eie letterkunde, hier in Suid-Afrika (gekoester deur onse edelste en geleerdste manne) is dus glad ni 'n ydele droombeeld ni, mar 'n heerlik ideaal ver Jong Suid Afrika.”

Ten spyte van die feit dat vernuftige taalgeleerdes al dikwels in die verlede daarop aangedring het dat die gesegde: *De taal is gans het volk* op wetenskaplike gronde nie te verdedig is nie, het dié stelling tog nog altyd die sterkste argument vir die offisiële erkenning van Afrikaans geblyk. Eienaardig is dat die voorstanders van Nederlands in Suid-Afrika in die verlede dit ook as hulle vernaamste argument teen Engels gebruik het. Blykbaar was hulle nie sterk bewus van die feit dat Afrikaners nòg Hollanders nòg Engelse was nie. Interessant is dit om na te gaan wat dr. Brile dink van die nasionale bewussyn van die Afrikaner in 1875. Hy sê o.m. die volgende:-

„Op het oogenblik zijn wij daarvan voor zoover ik zien kan, nog ver af. Wel hebben zich in den laatsten tijd teekenen voorgedaan, die op 't ontstaan in Zuid-Afrika van een nationaal bewustzijn wijzen; de Afrikaner, onverschillig of hij tot de Kolonie, tot Natal, tot den Vrijstaat of tot de Transvaal behoort, gevoelt zich Afrikaner, gevoelt dat Zuid-Afrika zijn vaderland is, evenals in de eerste helft dezer eeuw, de Prins, Sakser, de Hes, de Huringer en de Zwaab gevoelde, dat zijn vaderland grooter zijn moest en dat Duitschland één behoorde te worden. Maar dat streven, die beweging is nog slechts in het begin, het is nog niet genoegzaam gebleken, of het werkelijk uit den boezem der bevolking haren oorsprong neemt en in het hart van het volk leeft, niet slechts in het hoofd van staatslieden en dagbladschrijvers. En tech, krachtig en onuitroeibaar moet het in het



hart van het volk leven, wil het met eenige kans op eindelijke overwinning de worsteling aanvaarden voor het bestaan, die de wet des levens is."

En dan gaan dr. Brile voort om te wys op die twee magtige vyande van 'n Afrikaanse nasiontliteitsgevoel en 'n Afrikaanse taal: Hollands en Engels. Ons haal verder aan:-

„De vijand is nooit ver. Al dadelik moet het den strijd opnemen tegen beide sinds lang gevestigde machten, die het hunne taal en hunne letterkunde zoeken op te leggen: het Hollandsch en het Engelsch; het Hollandsch, machtig door dat het de taal is der gevestigde Kerk, door dat de Bijbel in die taal wordt gelezen, en het Evangelie daarin verkondigd wordt; het Engelsch, machtig door dat het den Afrikaan overal in het leven ontmoet, hem van alle kanten omgeeft, zoodra hij zijne eenzame plaats veriaat en hem letterlijk dwingt het te gaan beoefenen, het te verstaan en te spreken."

Dr Brill het tereg ingesien dat Afrikaans 'n sware stryd sou moes voer teen Nederlands en Engels. Dié stryd duur nog altyd voort. Gelukkig is dit darem 'n stryd waarin die Afrikaner van krag tot krag steeds voortgaan, en wat tenminste die belofte van 'n glorieryke oorwinning inhou. As dit in 1875 waar was dat „alles zal afhangen van de levenskracht der nationale beweging, die zich begint te openbaren," dan is dit vandag verder waar dat niemand aan daardie lewenskrag meer twyfel nie. Te oordeel na wat die Afrikaner in die verlede tot stand gebring het, moet dit 'n baie groot pessimis wees wat sonder hoop is vir die toekoms. Die manne van die Eerste Beweging het heldhaftig die stryd aangebind. Dat hulle nie meer sukses gehad het nie, moet in die eerste plaas gewyt word aan die feit dat die Afrikaner hom in daardie tyd te veel Engelsman of Hollander, en te min Afrikaner gevoel het. Begryplik is dan ook Du Toit se drie klasse van Afrikaner: met Hollandse harte, met Engelse harte, en met Afrikaanse harte; die laaste is natuurlik die opregte Afrikaners.

Ergers nog as blote Engelse of Hollandse gesindheid, het die soort onderwys wat gedurende byna 'n honderd jaar in Suid-Afrika mode was, 'n betreurenswaardige gevoel van minderwaardigheid by die Afrikaner laat ontstaan. Die siekte is selfs vandag nog nie heeltemal uit-

geroei nie, maar dit het darem só verbeter dat 'n mens nou hier en daar die neiging waarneem om tot die ander uiterste cor te slaan — wat heeltemal verstaanbaar is. Omstreeks 1875 was dit dus 'n opdraande, menslikerwyse gesproke, 'n byna hopelose stryd. En wat het uiteindelik 'n ommekeer in die toestand teweeggebring?

Ná 1875 het daar ander gebeurtenisse plaasgevind wat 'n Afrikaanse nasionaliteitsgevoel in die lewe sou roep wat hom sou laat geld van waar Tafelberg begin tot ver in die Transvaal. Nog gedurende die aktiewe periode van die Eerste Beweging was daar die eerste Vryheidsoorlog en Majuba se oorwinningskreet het in die harte van die ganse Afrikanerdom weerklink.

Maar die eintlike vloedgolf van patriotisme en nasionalisme het oor Suid-Afrika gebreek met die Anglo-Boereoorlog, waarin as in 'n smeltkroes die Afrikaners van alle dele van die land tot een onverdeelbare eenheid saamgesmelt is. En toe was die tyd aangebreek vir 'n nuwe lente en 'n nuwe geluid: vir wat toe geword het die Twede Afrikaanse-taalbeweging.

Die Eerste Taalteweging is georganiseer deur die Genootskap van Regte Afrikaners, die doel waarvan was: *om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land*. Die teenwerking van Engels en Nederlands was dus in die belang van die nasionale saak in die algemeen. Sonder Afrikaans sou die Afrikaner geen uitingsmiddel vir sy aspirasies hê nie, sou hy deur letterkundige doofstomheid gekenmerk word. En ondanks al die voorregte wat Engels so lank reeds geniet het, en wat Engels en Nederlands daarna nog op skool en uniwersiteit sou geniet, was dit vir die Genootskappers duidelik dat die Afrikaner net een moedertaal het en kan hê, en dat Afrikaans 'n sine qua non is vir 'n Afrikaanse nasionaliteit en 'n Afrikaanse kultuur. Hierdie besef het hulle houding teenoor Engels en Nederlands bepaal. Maar net soos die voorstanders van Afrikaans vandag nog deur onkundiges beskuldig word van beide Engels en Nederlands uit die land te wil verban, so, en in 'n baie erger graad, is die houding van die Genootskappers ook deur die vyande verkeerd geïnterpreteer. Teen die leer van Engels en Hollands was hulle nie in die minste gekant nie. Wat wou hulle dan?

Wat Engels betref, het die pleitbesorgers van Afrikaans gestaan voor 'n noodsaaklike kwaad. Engels was

wel 'n vreemde taal, maar dit was een van die tweelandstale en *moes* dus geleer word. Daarby was hulle egter van mening dat tweetaligheid nie noodwendig 'n euwel was nie, dat die vergelyking van die twee tale by die onderwys selfs 'n nuttige middel was tot verstandsontwikkeling. In elk geval het hulle geen rede kon sien waarom die twee tale nie goed naas mekaar kon bestaan nie.

Met Nederlands was die geval heel anders. Die taal van Holland het hulle erken as die ouer vorm van Afrikaans en as 'n noodsaaklike steun vir die Afrikaanse Beweging. Tegelykertyd het hulle terdeë besef dat daar vir Nederlands geen toekoms in Suid-Afrika was nie; dat hoe langer die Afrikaner aan Nederlands as sy taal vashou, hoe eerder die volkome verengelsing van die Afrikaner bewerkstellig sou word. Die eerste om dit in te sien was hulle nie. Dr. Changuion het reeds in 1844 tot die oortuiging gekom dat die herstelling van Nederlands onmoontlik was, en dr. Mansvelt het ses-en-dertig jaar daarna sy instemming daarmee betuig en die hoop uitgespreek dat Nederlands darem in Afrikaanse gewaad in Suid-Afrika sou bly voortlewe. Afrikaans was die taal wat die hele bevolking van Hollandse afkoms gepraat het, of hulle nou hoog of laag, ontwikkel of onontwikkeld was. Nederlands was, sover dit die praktiese gebruik daarvan betref, 'n vreemde taal vir die grote gros van Afrikaners. Afrikaans dus was die enigste wapen waarmee die verengelsing van die volk beveg kon word. Nederlands in Suid-Afrika was sonder lewensvatbaarheid en sonder lewenskrag, en sou, van breed nasionale standpunt beskou, uiteindelik die ondergang van 'n Hollandssprekende Suid-Afrika beteken het.

Intussen was daar geen kwaadwilligheid teenoor Nederlands nie. Veeleer het die voorstanders van Afrikaans Nederlands beskou as 'n bondgenoot in die stryd teen Engels. Hulle het saamgewerk in alle poginge tot behoud van Nederlands teenoor Engels, in die oortuiging dat Nederlands hier tog die erfdeel was van Afrikaans. Hulle het hulle daarop beroem dat hulle meer vir die verspreiding van Nederlandse boeke in Suid-Afrika gedaan het as al die voorstanders van Nederlands tesaam. Wat nie alleen waar nie, maar ook heel natuurlik was. Die mense wat *Di Patriot* gelees het, het nie minder nie, wel meer Nederlands as gevolg daarvan gaan lees. Dit

moes die Hollandse koerante self getuig. Hoe paradoksaal dit dus oppervlakkig mag lyk, is dit nietemin waar dat Afrikaans ook die behoud van Nederlands in S.-Afrika sou beteken. Dat daar nou en dan iets in *Di Patriot* verskyn het wat presies die teenoorgestelde indruk gemaak het, verander aan die saak net so weinig as wat die verbranding van Nederlandse boeke deur een onderwyser die houding van die Afrikaners teenoor Nederlands in die algemeen weergee. Die leiers van die Taalbeweging het nooit daaraan gedink om Suid-Afrika heeltemal los te maak van Nederlandse kuns en wetenskap nie, maar wel het hulle ingesien dat Nederlands alleen benader kon word via Afrikaans. So diep was hulle hiervan oortuig, en so onontbeerlik vir 'n Afrikaanse nasionaliteit en 'n Afrikaanse kultuur het hulle die Afrikaanse taal beskou, dat hulle in wanhoop die oorwinning van Engels sou verwelkom het liever as om Afrikaans vergoed aan Nederlands op te offer. Op die duur sou dit tog in elk geval daartoe gekom het. Beide in Holland en in Suid-Afrika word nog nou en dan iemand aangetref wat meen dat Afrikaans te swak sal wees om op eie houtjie teen Engels die stryd vol te hou. Diegene, egter, wat deur intieme kennis weet wat Afrikaans in die werklikheid reeds uitgerig het, sal sonder die minste aarseling erken dat die manne van die Eerste Beweging volkome gelyk gehad het, en dat die tyd en die ondervinding hulle optrede in alle opsigte geregverdig het. 'n Paar woorde is nodig oor hulle letterkundige werksaamheid.


Daar is geen literêre genie toe nodig om in te sien dat die Eerste Beweging geen kuns van 'n hoë gehalte voortgebring het nie. Maar dit sou ook dwaasheid wees om hulle letterkundige produkte van 'n absolute kunsstandpunt te wil beskou. Hulle werk was te suiwer propagandisties om tegelyk ook die hoogste skoonheid te wees. In die eerste instansie wou hulle die bewys lewer dat Afrikaans 'n geskikte uitdrukkingsmiddel was vir beide prosaskrywers en digters, en daarby wou hulle die Afrikaner leer lees. En aangesien daardie Afrikaner natuurlik feitlik niks gelees het nie en dus sonder 'n ontwikkelde smaak was, moes die leesstof aangepas word by die leser. Grootseid van gedagte, rykdom van verbeelding, diepte van gevoel en skoonheid van klank, soek 'n mens dus tevergeefs by ons eerste skrywers: Om meer as een rede kon dit op daardie stadium van ons kulturele ontwik-

keling ook nouliks verwag word. Dit was die eerste begin van ons nasionale ontwaking. En wat 'n mens ook van die versies uit daardie tyd mag sê, hulle tref nog altyd deur die frisse Afrikaanse gees wat ons byna op elke bladsy teenwaai. As spieël van die tydgees is die Afrikaanse geskryfte tussen 1860 en 1900 'n kosbare besit. Des te jammerder is dit dat daar nog so min gedaan is by wyse van lewensbeskrywing of uitgawe van werke van die vernaamste figure uit daardie tyd. Die teenswoordige geslag weet glad te min van manne soos S. J. du Toit, Hoogenhout, Pannevis, e.a. om hulle na verdienste te eer.

Dit sou ons te ver voer om in te gaan op alles wat die Eerste Taalbeweging tot stand gebring of tenminste begin het. Ons kan volstaan deur daarop te wys dat hulle werkzaamheid deur groot verskeidenheid gekenmerk word. Op die gebied van taalkunde, letterkunde, Bybelvertaling, onderwys en dergelike nasionale sake — oral het hulle gewoeker met hul talente volgens die lig wat in hulle was. Ongelukkig het die genie van die Beweging later in politieke verwickelinge verward geraak wat die saak waarvoor hy soveel gedoen het, 'n groot mate van onpopulariteit en selfs 'n *skynbare* dood besorg het. Maar dit mag ons nie blind maak vir die feit nie dat die manne van die Eerste Beweging 'n goeie begin gemaak het met alles waaraan die teenswoordige geslag van taalmanne hulle tyd en kragte wy. Die Afrikaanse spelreëls laat nog veel te wense oor; 'n Afrikaanse woordeboek word nog gemaak; die Bybelvertaling gaan maar met stampe en stote aan; 'n Afrikaanse grammatika volgens twintigste-eeuse taalopvattinge het niemand hom nog gewaag nie; selfs die verhouding wat daar tussen Nederlands en Afrikaans in ons onderwys behoort te bestaan, is 'n saak waarvan die bespreking nog steeds gekenmerk word deur agterdog en venynigheid. 'n Vergelyking tussen die twee Taalbeweginge, natuurlik met die omstandighede in albei gevalle behoorlik in aanmerking geneem, sou verrassende resultate oplewer vir diegene wat geneig is om hulle te verbeel dat ons so danig gevorder het sinds 1906.

Die stryd wat met Adam Tas in aanvang geneem het en daarna deur Piet Retief en andere voortgesit is, word met die Eerste Taalbeweging op geestelike terrein verplaas, en word nog altyd daar gevoer. Daardie eerste taalmanne het die pad skoongemaak, die grond gebrak,

die saad gesaai, die voorbereidingswerk (wat altyd die moeilikste is,) gedaan vir ons wat vandag die verdere ontwikkeling van die Afrikaanse saak probeer bevorder. Hulle verdien ons verering en bewondering. In kultuur-historiese sin is die ontstaan van die Eerste Afrikaanse-taalbeweging die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika.



## HOOFSTUK II.

---

# DIE EERSTE AFRIKAANSE GESKRIFTE — VERAL VOOR 1875.\*

Deur Professor JOHANNES J. SMITH.

---

**R**EEDS die Duitse soldaat en „houtschrijver” Otto Frederik Mentzel, wat gedurende die jare 1733—1741 aan die Kaap was, en wat meer as veertig jaar later sy uiters belangrike werk oor die Nederlandse volkplanting aan die suidpunt van Afrika geskrywe het, weet ons te vertel dat die taal van die Suid-Afrikaanse boere net so min rein Hollands, as die taal van die Duitse boere rein Duits is. Of hierdie boeretaal waarvan Mentzel gewaag, nog ’n onveranderde Hollandse boeredialek was, weinig verskillend van die talryke streeksprake van die moederland, of reeds ’n vorm van Afrikaans, is nie met sekerheid vas te stel nie, daar Mentzel ons geen ander besonderhede meedeel nie as dat die vrouens op die platteland die mond heel vol neem en „ons” in plaas van „wij” sê. Maar enkele geskrifte uit die tweede helfte van die agtiende eeu, gestel in sterk verafrikaanste Nederlands—b.v. die reisverhaal van Hendrik Jacob Wikar (1775--1779) of die „Lied ter Eere van de Zwellingdamze & diverse andere Helden, by de bloedige Actie aan Muisenberg in dato 7 Augustus 1795” — maak dit uiters

---

(\*) Hierdie artikel het, in sy oorspronklike vorm, in *Die Burger* van 14 Augustus 1925 verskyn.

waarskynlik dat die Hollandse taalvorme deur die eerste koloniste meegebring, kort ná 1750 reeds tot Afrikaans ontwikkel het. Uit die getuienis van Heinrich Lichtenstein, wat hier tydens die regering van Janssens was, en van William Burchell, wat in 1810 en volgende jare in ons land gereis het, is dit duidelik dat Afrikaans by die begin van die neëntiende eeu 'n afsonderlike taalvorm was.

✓ Geskrifte in betreklik suiwer Afrikaans is egter heel skaars voor die jaar 1860, daar vrywel elkeen voor dié tyd, en ook lank daarna, hom nog van Nederlands bedien het, al is die Nederlands dikwels heel krom en skeef en meer gelykend op Afrikaans as op Nederlands. Maar uit sulke verafrikaanste Nederlandse geskrifte (b.v. die dagboek van Louis Trigardt, 1836-1838), uit dr. Changuion se „Proeve van Kaapsch Taaleigen” (gepubliseer agterin sy Nederlandse grammatika *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*, 1844), en uit 'n enkele rympie soos dié van Kaatjie Kekkelbek (verskyn in *Sam Sly's Journal* in 1846) is dit tog moontlik om 'n denkbild te kry van die gesproke Afrikaans van die eerste helfte van die neëntiende eeu.

Ná 1850 neem die oormag van die Engelse taal geweldig toe, en dit vorder vinnig met die verengelsing van die Afrikaanse volk. Engels voer nou die bo-ton in die skool, is so te sê die enigste medium van die Regering van die Kaapkolonie, en sy gebruik as kanseltaal in die Nederduits - Gereformeerde Kerk word op ernstige wyse bepleit. En dit was nie alleen in die Kaapkolonie dat Engels sy heerskappy so uitgebrei het nie: die drukpers van die stede en die handel het verengelsing ook in die Vrystaat en Transvaal in die hand gewerk, en later het die stroom van buitelandse delwers die Engelse invloed in die noordelike streke nog baie versterk. Die vernaamste Hollandse koerante word, ten minste wat hul redaksionele kolomme betref, tweetalig; en dit is die geval nie net met Kaapse blaaie soos *Het Volksblad* en *De Zuid-Afrikaan* nie, maar ook met Transvaalse en Vrystaatse soos *De Volksstem* en *De Vriend*.

Daar gaan weemoedige stemme op, en dit word voorspel dat die Engelse taal binne afsienbare tyd die spraak van die Hollandse koloniste sal verdring. Engelse koerante, b.v. *The Cape Argus*, maak verwoede aanvalle op



die regte van Nederlands as skryftaal, terwyl hul die Afrikaanse spreektaal vir 'n ondienlike en onbruikbare „jargon” uitmaak. In hierdie stryd van die jare vyftig ontbrand dan ook die eerste bewuste liefde vir die Afrikaanse taal; en in die Kaapstadse *Volksblad* van 13 Mei 1858 tree iemand wat homself „Rhenosicamber” noem, in die bresse nie alleen vir Nederlands nie, maar ook vir „den zuiveren en zachtvloeienden, doch onregelmatigen tongval van die taal, welke in Zuid-Afrika gesproken wordt.”

Die grootste stoot wat Afrikaans in daardie vroeë dae gekry het, het egter nie van doelbewuste Afrikaners uitgegaan nie, maar wel van die destydse magistraat van Cradock, Louis Henry Meurant, hoewel dit ver van sy bedoeling was om juis 'n Afrikaanse skryftaal te bevorder. Hy het geywer vir die politieke afskeiding van die Oostelike Provinsie; en om die Afrikaanse boere in die oostelike distrikte woonagtig te oortuig van die wenslikheid van afskeiding, het hy in 1860 sy *Zamenspraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twiffelaar over het onderwerp van Afscheiding in The Cradock News* anoniem begin publiseer. Daardie *Zamenspraak*, kort daarna in 1861 as 'n pamfletjie van vyf-en-sewentig bladsye uitgegee, is weliswaar gestel in 'n taalvorm wat heel dikwels vir ons onjuis of onsuiver skyn; maar dit is Afrikaans buiten enige twyfel, en Afrikaans soos ons in dié dae kan verwag, en waarvan ons ook talle van ander voorbeelde het uit die tyd onmiddellik daarna—'n tyd toe elkeen onder sterk Nederlandse invloed sy Afrikaans geskryf het. In alle geval, die publiek het die *Zamenspraak* met graagte gelees. *Het Volksblad*, *De Zuid-Afrikaan* en ander koerante het dit grotendeels oorgeneem uit *The Cradock News*; en selfs in die Parlement het die boekie ter sprake gekom. Die invloed van hierdie pamfletjie is veel groter gewees as die geskiedskrywers van 'n later datum gemeen het. Die redakteur van *Het Volksblad* skryf daarvoor as volg in sy uitgawe van 25 Desember 1860:

„Vele onzer lezers zullen zeker niet zonder genoegen het gesprek over de Afscheiding lezen dat wij uit de Cradock News hebben overgenomen. De schrijver is blijkbaar even goed bekend met den eigenaardigen spreektrant onzer boerenbevolking als met de zaak der Afscheiding; en

schoon de redeneringen al evenzeer mank gaan als er meerendeels in de Oostelijke Provincie over de Afscheiding verkondigd wordt, is er geen twijfel aan of zij zullen op de oostersche boeren meer effect maken dan de Katechismus."

Korrespondente het toe somar dadelik begin om Klaas in Afrikaans te beantwoord; en niemand minder as C. P. Hoogenhout het later erken hoe aantreklik die *Zamenspraak* en die ou liedjie van Kaatjie Kekkelbek vir hom was—ja, selfs sy skuilnaam „Klaas Waarzegger, Jr.” het hy aan die *Zamenspraak* te danke.

Tussen 1861 en 1872 is daar talle van Afrikaanse briewe en ook 'n aantal samesprake, rympies en ander bydraes in Afrikaans verskyn—veral in *Het Volksblad* (Kaapstad), maar ook in *De Zuid-Afrikaan* (Kaapstad), *De Transvaal Argus* (Potchefstroom), *De Tijd* (Bloemfontein), en ander koerante. Onder die rubriek „Toneelen uit het Politiehof” kom daar ook ná 1860 heelwat Afrikaans in *Het Volksblad* voor—hoewel in die reël kleurling-Afrikaans. Maar dit is lank nie alles grappies wat van nouaf in Afrikaans verskyn nie: ook ernstige sake soos die opvoeding, die politiek, kerkdienste, landboubesproeiing, word in dié taalvorm bespreek. Een van die eerste Afrikaanse briewe staan in *Het Volksblad* van 5 Jan. 1861; dit is geskrywe uit Stellenbosch, en dit handel oor 'n pas-opgerigte leeskamer daar. 'n Ander brief handel oor kerkdienste in die Pêrel, en een is gerig teen die magistraat van Hope-town. Die Afrikaans van sulke bydraes is meestal onvasen onsuiver—wat ons natuurlik kan verwag in daardie vroeë dae voor enige spellingreëling —, maar ons lees darem herhaaldelik hoe die nuwe taalvorm deur sommige lesers gewaardeer word, terwyl ander dit weer sterk afkeur.

In 1861 het blykbaar ook die eerste bundel Afrikaanse gedigte verskyn. Totnogtoe het ek nie daarin geslaag om 'n eksemplaar daarvan onder oë te kry nie. Selfs die Kaapstadse Openbare Biblioteek besit geen eksemplaar nie. *Het Volksblad* van 2 November 1861 skryf as volg oor hierdie uitgawe:

„Een bundel gedichtjes in echt boeren-Kaapsch, en ook door een Kaapschen boer geschreven, is onlangs bij de uitgevers van dit blad gedrukt, doch alleen voor de kinderen en vrienden van den dichter. Zij zijn eenvoudig, hartelijk en in godsdienstigen toon

geschreven, en daar het rijm en de versificatie geheel naar den Kaapschen tongval ingerigt is, kan men zeggen dat zij evenzeer voor de eerste dichtwerken in het Kaapsch kunnen gelden, als de gesprekken van Klaas Waarzegger voor de eerste Kaapsche proza; want de geestige geschriften van den heer Boniface waren slechts gedeeltelijk in den echt Kaapschen tongval geschreven."

Onder die kontribuante van daardie tyd is dit veral „Behrend Moddermannetje” in *De Transvaal Argus* van 1866-1869 en „Trijna Snaaks” in *De Tijd* van 1867-1868 wat die lesende publiek op Afrikaanse bydraes trakteer.

In Januarie 1870 kom „Samuel Zwaartman”, van Fraserburg, op die toneel. Hy skryf in *Het Volksblad* 'n twintigtal „Boerebriewe” in Afrikaans, waarin hy meestal lokale nuus vertel. Maar vanaf Maart 1871 publiseer hy 'n reeks „Kaapsche Schetsen,” waarin hy agtereenvolgens behandel: die Goewerneur, die Uitvoerende Raad, die twee Huise van die Parlement, Stemgeregtigdes, Verantwoordelike Bestuur, die Hooggeregshof, die Rondgaande Hof en die Magistraatshof, Afdelingsrade, Skoolmeesters. Dit is my totnogtoe nie moontlik gewees om enige geskrewe getuienis te kry insake die indentiteit van „Samuel Zwaartman” nie; maar een van my studente wat van Fraserburg kom (die heer Botma), het daar navraag gedaan en toe verneem dat dit 'n sekere mnr. Cooper was — dus of 'n Brit of 'n Afrikaner van Britse afkoms. Samuel Zwaartman het veel invloed gehad, en hy het ongetwyfeld veel daartoe bygedra om die Afrikaanse leser met die afwykende Afrikaanse taalvorm bekend te maak. Gougou het hy 'n „broer” gehad—„Jan Zwaartman”, van Calvinia—wat ook briewe na die koerant stuur. Hoeveel invloed Samuel se Afrikaanse bydraes gehad het, blyk bes uit die volgende redaksionele opmerkinge in *Het Volksblad* van 18 Junie 1870:-

„De producten van Samuel Zwaartman schijnen een verschrikkelijken schrijflust in het Boerenhollandsch te hebben in het leven geroepen. Onze lesenaar is opgestapeld met brieven gerigt aan „Meneer Krantmaker””;

en die redakteur gaan dan voort om die volgende uit 'n korrespondent se brief aan te haal:

„Van dat Samuel gebegin het om te skryf in jou korant, lees mos alle mense dit, en di's somer pikswart gesmeer zoo's die mense dit rondstuur. Jij kan ver mij gloo dat die plat Hollans meer gelees wor onder ons boere als die wat Sankion\* ver ons wil leer in zijn boekies.”

En tog het ons boeke oor die geskiedenis van die Afrikaanse skryftaal totnogtoe Samuel Zwaartman se naam nie eens genoem nie—ten minste nie sover ek weet nie!

Op 19 Julie 1870 publiseer F. W. Reitz—ons nog lewende en alombemide president—, „Klaas Gezwint en zijn Paert” in *Het Volksblad*. Hierdie gedig, wat vandag nog al sy eerste bekoorlikheid besit, is oorgeneem deur *De Volksstem* en ander Hollandse blaaië, en ook deur Engelse tydskrifte soos *The Cape Monthly Magazine*. En daar het nog verskeie ander gedigte van president Reitz en van sy vader in die jare voor 1875 verskyn—b.v. „Die Steweltjies van Sannie” en „Daantjie Gous”.

In die jaar 1872 ontstaan daar 'n beweging met die uitgesproke doel om Afrikaans as skryftaal te gebruik. Dit begin met 'n brief van die heer Arnoldus Pannevis, destyds onderwyser aan die Pêrelse Gimnasium, in *De Zuid-Afrikaan* van 7 September 1872. Latere skrywers het beweer dat hierdie brief geen gevolge gehad het nie, en dat die korrespondensie wat daarvoor ontstaan het, ná enige maande doodgeloop het. Maar selfs 'n vlugtige kykie in die ou lêers van *De Zuid-Afrikaan* wettig ten enemaal nie so'n mening nie. Ek tel tussen 7 September 1872 en 14 Augustus 1875 meer as vyf-en-sewentig briewe in of oor Afrikaans in *De Zuid-Afrikaan* alleen; en die korrespondensie het onafgebroke voortgeduur. Daar word bewys propaganda gemaak vir 'n Afrikaanse skryftaal, en o.a. het een van die Afrikaanse „Gesprekke” van Klaas Waarzegger Jr. (C. P. Hoogenhout), wat op 26 Julie 1873 verskyn het, gehandel oor „Hollandsch, Engelsch, Afrikaansch”. Die heer Hoogenhout het 'n hele reeks „Gesprekke” oor allerlei onderwerpe geskrywe (op 5 Mei 1875 het reeds die tiende „Gesprek” verskyn); en nóg die onderwerpe nóg die toon van daardie „Gesprekke” wettig die mening wat die skrywer 'n vyftig jaar later

---

(\*) Bedoel word dr. A. N. E. Changuion, skrywer van 'n *Nederlands Grammatika* en van verskeie ander boeke bereken om die studie van Nederlands te bevorder.

aan die heer Von Wielligh meegedeel het, naamlik, dat hy in sy „Gesprekke” Afrikaans „meer as grap aangewend (het) as om vir die regte van Afrikaans te pleit”. Ook die uitgawe van *Die Geskiedenis van Josef* (1873), in die „besluit” waarvan die kinderlesers versoek word om in hul gebede „onse liewe Heer te vra dat die Bybel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal”, pleit geensins vir daardie opvatting. Nee, Hoogenhout was self een van die persone wat op Pannevis se brief in alle erns gereageer het. Op 16 Januarie 1875 rig „Klaas Waarzegger, jun.” in *De Zuid-Afrikaan* ’n oproep aan alle vriende van Afrikaans om te help in verband met die verspreiding van „die geskiedenis van ons land in die taal van ons volk.”

In Julie 1874 verskyn die artikels van „Ware Afrikaander” (ds. S. J. du Toit) ten gunste van Afrikaans. Hierdie artikels, wat nog in Nederlands gestel is, mag egter nie as die begin van iets nuuts beskou word nie; daar is artikels oor en in Afrikaans in die onmiddellik voorafgaande nommers van *De Zuid-Afrikaan*; en in dieselfde uitgawe waarin die eerste bydrae van „Ware Afrikaander” verskyn, is daar ook ’n brief in Afrikaans waarin ds. Murray en Engelse preke in die Hollandse kerk teen ’n vroeëre korrespondent verdedig word. Op 20 Maart 1875 skryf ’n korrespondent in dieselfde blad in antwoord aan ’n konserwatiewe teenstander as volg:

„De beweging voor het Afrikaansch is al meer dan vier jaren geleden op touw gezet, en neemt dagelijks in uitgebreidheid toe..... Er zijn wel vijftig anderen die met mij eveneens denken.”

Opmerklik is dat hier vyf maande voor die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners al van ’n „beweging” gepraat word, en wel van ’n beweging wat al jare aan die gang is.

Op 10 Maart 1875 skryf „Ware Afrikaander” self as volg:-

„Maanden lang is over de zaak geschreven, voor en tegen, door meer dan een dozijn schrijvers.”

In Mei 1875 lewer dr. Brill, die rektor van die Greykollege op Bloemfontein, sy kragtige pleidooi vir die landstaal. Wel beskou hy dat Afrikaans vir die teenswoordige nog nie as ’n afsonderlike taal kan optree nie, maar hy bespeur reeds tekens wat op die ontstaan van

'n nasionale bewussyn wys, en hy is oortuig dat as die nasionale beweging lewenskrag besit, daar ook 'n selfstandige Afrikaanse taal sal erken word.

Die korrespondensie in *De Zuid-Afrikaan* is die onmiddellike oorsaak gewees van die ontmoeting en samewerking van ds. S. J. du Toit en die heer Hoogenhout. Die verdere geskiedenis is goed bekend; en elkeen weet hoe, dank hoofsaaklik aan die bemoeiinge van die twee genoemde persone, die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875 opgerig is.

Van nouaf is daar 'n organisasie wat aktief ywer vir die erkenning van 'n Afrikaanse skryftaal. Die Genootskap het maar met ag lede begin en was nooit 'n groot of 'n ryk liggaam nie; maar sy lede was geesdriftige manne van oortuiging, wat alles vir hul ideaal wou offer. Tot 1890 ongeveer het hul die Afrikaanse beweging gelei en georganiseer; en met hul koerant, *Die Patriot*, en hul talryke uitgawes het hul ontsaglik veel tot stand gebring en die leeslus onder ons volk in wye kringe opgewek.

In 1891 het die here Hoogenhout en D. F. du Toit („Oom Lokomotief”) *Die Patriot* verlaat; en na dié datum het die Genootskap ook nie meer vergader nie. Die finansiële verantwoordelikheid vir sy uitgawes het reeds in 1878 oorgegaan op die firma D. F. du Toit, wat tot op die jaar 1905 alle Afrikaanse werke—op enkele uitsonderings ná—gedruk en uitgegee het. Dié firma het ook voortgegaan met *Die Patriot* en het van 1896 ook *Ons Klyntji* uitgegee. Ongelukkig het ds. Du Toit, wat nog altyd ten nouste aan die firma D. F. du Toit verbonde gebly het, meer en meer 'n politiek begin voorstaan waarvan die meerderheid van sy volk 'n sterk afkeer gehad het. Veral sy houding in verband met die Jameson-inval en die Engelse Oorlog van 1899-1902, het sy landgenote van hom vervreem, en gevolglik ook van die taalbeweging waarvan hy die erkende hoof en leier was. Sy invloed het dan ook taamlik laag gedaal ná die Engelse Oorlog, met die gevolg dat sy persorgane *Die Patriot* in 1904 en *Ons Klyntji* in 1905 ondergegaan het. Die laaste jare voor 1905 was dit ook hoofsaaklik die *Uitgesogte Gedigte*, versamel deur president Reitz, die verskillende bundels *Grappige Stories en ander Versies* van Melt Brink, en die optree van adv. J. H. H. de Waal in *Ons Land* en veral in sy populêre maandblad *De Goede Hoop* (opgerig

Julie 1903), wat die liefde vir die Afrikaanse taalvorm wakker gehou of wakker gemaak het. En toe die nuwe Afrikaanse Beweging begin, toe was die Pêrel nie meer die sentrum vir Afrikaanse uitgawes nie; selfs die spellingsisteem wat die ou Genootskap, en later ds. Du Toit alleen, met veel deeglikheid en konsekwensie ontwerp het, is deur die nuwe geslag vergoed verwerp.

Die Genootskap van Regte Afrikaners moet m.i. beoordeel word volgens die werk wat hulle gedaan het gedurende die tydperk 1875-1890. Toe het hul geleef en gewerk. En hulle hê gewerk. Hulle het ontsaglik veel gedaan om die Afrikaanse akker voor te berei, en ons kan hul optree nooit genoeg waardeer nie. Hoewel hul nie by die begin van die beweging gekom het nie, tog het hul taamlik ná by die begin gestaan—toe alles nog woens en ledig was. Hulle het altyd as Genootskap getrou gebly aan hul doel: om te staan vir ons taal, ons nasie en ons land.

Hulle het gestaan vir ons Taal en het sy erkenning as skryftaal nie alleen met grondige argumente bepleit nie, maar het ook geld en naam opgeoffer vir die goeie saak; en die drukpers deur hulle opgerig het tot op die jaar 1900 oor die honderd Afrikaanse uitgawes besorg, afgesien van *Die Patriot*, *Die Afrikaanse Almanak* (jaarliks vanaf 1877), en *Ons Klyntji*.

Ten tweede het hul gestaan vir ons Nasie. Die jaargange van *Die Patriot* en die geskifte besorg deur die Genootskap tussen die jare 1875-1890 gee blyk van 'n gesonde nasionalisme; en dis in geen geringe mate aan die optree van *Die Patriot* in daardie dae te danke dat aan die geesdodende verengelsing paal en perk gestel is, en dat Afrikaners op die platteland hulle regmatige aandeel in die politiek begin neem het. Die houding van *Die Patriot* tydens die Eerste Engelse Oorlog van 1880-1881 het hom bekend en bemind gemaak in alle dele van ons land.

Eindelik het die Genootskap gestaan vir ons Land. Dit het geywer vir 'n gesonde liefde vir eie land, gepleit vir samewerking tussen Afrikaners van alle dele van Suid-Afrika, en voorligting gegee in alle sake van belang vir die ontwikkeling van ons land.

Die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875 is ongetwyfeld 'n gebeurtenis wat verreikende gevolge vir ons volksoontwikkeling gehad het,



en dit moet beskou word as een van die treffendste mylpale in die geskiedenis van ons taal. Dit is dan ook nie meer as plig van ons wat vandag vrugte insamel op die akker met soveel liefde en toewyding bewerk deur die ou pioniere, dat ons die gebeurtenis van 14 Augustus 1875 met dankbaarheid herdenk nie. Vandag is dit vanselfsprekend om Afrikaans te skrywe, en ons taalregte word deur ons hoogste bestuursliggame erken—maar hoe anders was dit in 1875, toe alles op taalgebied nog vrywel onbewerk was! Laat ons maar 'n bietjie in die toestande van daardie tyd kyk, en ons sal besef hoeveel werk die ou vegters vir ons bespaar het.

En as ons hulde bring aan die ou Genootskap van Regte Afrikaners en met waardering terug sien op hul werksaamhede, laat ons dan ook nie vergeet om ten minste melding te maak van die doelbewuste werk van hulle voorgangers—„Samuel Zwaartman”, F. W. Reitz en Arnoldus Pannevis! Ook hulle verdien dat hulle nagedagtenis geëer word—want aan hulle optree is dit grotendeels te danke dat die oprigting van 'n taalgenootskap op 14 Augustus 1875 moontlik was.

—000—